Oordenking
17 Maart 2010

Dors

“Ek het dors”. Hierdie woord van die Here het Hy uitgespreek net voordat Hy die laaste asem uitgeblaas het en sy gees aan die Vader oorgegee het. (Joh 19:30b). Hoe bitter hartseer is dit nie, dat die Skepper van hemel en aarde met gebarste lippe moet uitroep, dat Hy dors is nie.

’n Woord van Jesus se menslikheid.

Op aarde het Jesus gewys dat Hy ten volle, ware mens is. Hy kom in die wêreld as ’n hulpelose baba en groei op soos elke ander kind. As man het Hy moeg geword, was Hy honger, het Hy aan die slaap geval, gebid, was Hy bly, was Hy bang en het Hy gehuil. Em Hy het uitgeroep: “Ek het dors”. Christus was dors, want Hy was waarlik ’n mens. Die brief aan die Hebreërs sê oor Christus:
(Heb 2:17) ... Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen.

’n Woord oor die lyding van Jesus.

"Ek het dors." Die woord van die Verlosser wys vir ons die diepte van sy lyding.
Toe Hy die Nagmaal ingestel het, was dit die laaste keer dat Hy iets geëet en gedrink het, voordat Hy gekruisig is. In Getsémané het Hy bloed gesweet van angs. Later is Hy gegesel totdat sy rug net ’n bloederige massa was. Toe het hulle spykers deur sy hande en voete geslaan. Pyn, bloeding en koors dra by tot sy bitter smart. Vir ’n nag en ’n dag het Hy niks gehad om te drink nie. Dit is nie vreemd dat Jesus tot die dood toe dors was nie. Die woord aan die kruis herinner ons aan die diepte van sy lyding. Aan sy ekstreme liggaamlike lyding en smart.

’n Woord oor sy dors na God.

"Ek het dors." In die woorde van ons Heer, hoor ons ook sy dors na God, nadat Hy vir 3 ure van die Vader verlaat was in sy donkerste duisternis. Jesus roep na God. Jesus onthou die woorde van Psalm 42: 1 – 2: *Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. Ek dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn?*
Jesus was sonder God vir drie ure van verskrikking. Geen wonder dat Hy na God roep nie. Geen wonder dat Hy sê dat Hy dors is nie.

Ons roep ook dikwels uit dat ons dors is en dat ons smag na die lewende God. Maar, soos Jesus dikwels verduidelik het, soek ons te dikwels lafenis by die verkeerde dinge en verkwikking op die verkeerde plekke. Jesus het gewaarsku, dat wie van die water van die wêreld drink, sal beslis weer dors word. *(Joh 4:13)*.

Net Christus kan ons dors les. Net hy alleen kan die diepste nood van ons hart, ons siel en ons lewe aanspreek.
Kom daarom na Jesus toe.
Hulle wat in sonde sterf sal vir ewig saam met die verlorenes uitroep: Ek het dors. In die poel van vuur kan niemand ons dors les nie.
Kom na Jesus toe en drink van Hom. Net Jesus kan vandag ook jou dors les.